NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

KERK e·bode Kerknuus sedert 1849

20 Julie 2018
Nr 22/2018

Warm nuus!

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

Dankie vir reën!

Die kantoor van die Algemene Sinode het gemeentes gevra om ***2 September*** solank te merk as dankdag vir die reën. Dit volg op die goeie winterreën wat in die Wes-Kaap geval en groot verligting gebring het vir daardie streek.

DinkJeugNoord

Datum: ***3 September 2018*** (9:00-16:00)
Waar: AcaDeo, Warmbad
Tema: Jeugvriendelike gemeentes – funky, cool, theologies
Teken nou reeds hierdie datum aan!! Inligting volg…

Lente-konferensie 2018 - [Kliek hier vir die inskrywingsvorm & die volledige brosjure]

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na Excelsus se dertiende Lentekonferensie, Lente in Bediening en Teologie. Dié konferensie vind plaas vanaf ***18-20 September 2018*** by Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.
Die tema vir 2018 is … ***Die toekoms waarvoor ons bid en werk***

Tydens drie oop sessies word die volgende onderwerpe hanteer:
• *Is die NG Kerk slagoffer van kerk-kaping? Indien wel, wat nou?* – Prof Fanie Snyman
• *Teologie vir die komende generasie* – Dr Nadia Marais
• *The future we pray and work for* – Biskop Malusi Mpumlwana
Teken die datum aan en maak seker dat jy so gou moontlik inskryf. Die inskrywingsfooi beloop R1 050-00 per persoon (R990-00 indien jou inskrywing en kursusfooi *vóór 10 Augustus 2018* ontvang word).
Emeriti en studente betaal slegs R590-00.

Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO). Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.

Sinodenuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op **24 Julie 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: 2 Samuel 11 & Psalm 14.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Weskoppies Hospitaal: Gemeentes se hulp gevra…

Pieter de Wet (Wespoort) skryf soos volg: *Vriende van Weskoppies* voorsien elke jaar aan die pasiënte (ongeveer 650) wat op Kersdag in die hospitaal is 'n kerspakkie. Ons verneem graag of daar dalk gemeentes is wat ons kan ondersteun met die pakkie.
Die inhoud van die pakkie hierdie jaar is die volgende:

1 x 300ml botteltjie Oros
1 x 42g Pringles
1 x 125g Toppers koekies
1 x 50g Simba grondboontjies en rosyne.

Bogenoemde pakkie kos by Makro tans ongeveer R25,00. Gemeentes wat wil, kan ons ook finansieel ondersteun. Dit is belangrik dat al die pasiënte dieselfde pakkie ontvang wat inhoud en grootte van items aanbetref.
Met die oog op die verpakking van die geskenke, sal ons dit waardeer indien ons items\bydraes voor of op ***26 Oktober 2018*** kan ontvang.
Gemeentes wat ons wil ondersteun, is welkom om ons te kontak by selno. 082 4757 944 of e-pos: pwdewet@live.com

Kolleganuus

❖ Innige simpatie

Gustav Claassen [Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode] se skoonma is gedurende die vakansie oorlede.

❖ Hospitaal

Johan Aggenbach [SDR-lid vir Waterberg en bestuurder van AcaDeo] is ernstig siek.

❖ Beroep

Cornél Viljoen (Houtbaai) is na Ellisras-Wes beroep.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat gedurende die vakansietyd verjaar het en die persone wat in die volgende weke gaan verjaar:*

01/07 Pieter Strümpfer [Emeritus, 082 292 3521, pietersstrumpfer@gmail.com]
03/07 Hennie Horn [Emeritus, 082 743 9238, henniehorn@telkomsa.net]
04/07 Edwald Bosch [Emeritus, 079 427 8794, edwaldbosch@gmail.com]
05/07 Coenraad Bekker [Emeritus, 082 856 7069]
06/07 Willie Kloppers [Emeritus, 084 585 0224, admin@ngkmp.co.za]
09/07 Bennie Powell [Montana, 082 305 4444, riana@ngmontana.co.za]
Kobus Mouton [Emeritus, 082 807 6071/082 851 5009, komo@intekom.co.za]
10/07 Christo Viljoen [Quaggapoort, 082 444 1633, christoviljoen1@gmail.com]
14/07 Pieter Jordaan [Rustenburg-Bergsig, 082 561 8500, pieter@ngbergsig.co.za]
16/07 Naudé Kritzinger [Wonderboompoort, 084 505 6567, naude.kritzinger@gmail.com]
17/07 Corné Randall [Overkruin, 072 207 8350, corne@ngoverkruin.org.za]
James Kemp [Emeritus, 082 950 8293]
19/07 Tjaart Meyer [Pietersburg-Oos, 082 551 6341, tjhmeyer@mweb.co.za]
Cobus van Wyngaard [Pretoria, 084 600 0728, cobus.w@gmail.com]
22/07 André Joubert [Eldoraigne, 081 568 5568, andre@eldofam.co.za]
Rehan Rheeder [Villieria, 083 288 7756, rarheeder@gmail.com]
Pieter Visser [Wierdapark, 082 565 9435, pieterjvisser@gmail.com]

23/07 Jan Bester [Wierdapark, 082 324 9787, besj59@gmail.com]
Koos Louw [Emeritus, 084 585 9388, louwkoos@gmail.com]
24/07 Danie Ueckermann [Nylstroom-Oos, 082 579 6649, danie@ngoos.co.za]
Johan J van Rensburg [Kerk-in-Suid, 072 735 8811, dsjoe@ngwps.co.za]
25/07 Liesel Krause-Wiid [Kameeldrif, 083 632 3320, liesel@krause.co.za]

****

01/07 Lizette Joubert [Eldoraigne, 012-654 1200, andre@eldofam.co.za]
07/07 Anneke Rheeder [Villieria, 012-332 5806, rarheeder@gmail.com]
20/07 Magda Benadé [Thabazimbi, 014-772 1689, mbenade@lantic.net]
22/07 Sannie-Esther van Staden [Soutpansberg, 083 274 3227, vanstadenetienne8@gmail.com]
26/07 Marina de Wet [Suidoos-Pretoria, 012-346 6071, fouche@stellastraat.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*

Waterkloof [Gestig: 04/07/1957]
Pretoria-Dowes [Gestig: 06/07/1980]
Karoi [Gestig: 12/07/1968]
Andrew Murray, Pretoria [Gestig: 18/07/1976]
Pierneefrant [Gestig: 25/07/1968]

❖ **Universiteitsoord:** **25ste Kaskarkermis**

Datum: ***27 Julie 2018***
Kom deel in groot pret saam met die studente van Universiteitsoordgemeente by ons jaarlikse basaar met 'n verskil.
Soos in die verlede word die fondse wat ingesamel word vir die studentebediening aangewend.
Buiten kaskarrenne vir laerskool-, hoërskool- ope en studentespanne, is daar groot pret vir die jongspan en wonderlike stalletjies met heerlike geregte en ander vars produkte.
Stalletjies open reeds om 13:00 en sal oop bly tot 22:00.
Vir meer inligting kontak Marius by 082 789 7963 of Petra by die kerkkantoor 012 362 0663/4.

❖ **Overkruin**: **Wen 'n jagpakket by die Kaiingfees!!**

'n Jagpakket ter waarde van R19 300.00 word aan die gelukkige wenner oorhandig. Dit is geldig vir enige naweek gedurende Augustus 2018.
Slegs 200 kaartjies *is beskikbaar teen R200.00 per inskrywing*.
Die wenner sal getrek word by die **Hervormde Kerk Wonderboom se Kaiingfees** op ***28 Julie 2018*** om 12:00 op die kerkterrein [Marjoramlaan 84, Wonderboom]
Vir meer inligting kontak 082 459 1474.

❖ **Tuinrand**: **Met hart en mond en hande**

Datum: ***29 Julie 2018*** om 17:30
'n Hartlike uitnodiging na hierdie byeenkoms saam met ander gemeentes van die Ring van Daspoort, om die Naam van die Here aan te roep en na Sy Woord te luister. 'n Geselligheid na die tyd met eet-en-drinkgoed.

❖ **Jan Niemandpark**: **Kraakvars Classics**

'n Lig-klassieke produksie vir die kieskeurige musiekliefhebber met verskeie gaskunstenaars en die Capital Filharmoniese Orkes onder leiding van Schalk van der Merwe.
Datum: Sondag***, 26 Augustus 2018*** om 16:00
Waar: Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark.
Kaartjies en meer inligting: 083 289 1869, danievr@lantic.net @ R200-R250.

Ander nuus

❖ Excelsus:

- **Oggendsimposium met Nancy Schongalla-Brown** *[Director of Student Counselling, Princeton Theological Seminary]*
  Tema: Spiritual and Emotional Health in Full Time Ministry
  Datum: ***7 Augustus 2018*** [08:30-13:00]
  Waar: Stellastraat (Suidoos-Pretoria)
  Koste: R120 [sluit teen/koffie en ligte middagete in]
  RSVP: excelsus@up.ac.za / 012-420 6738
  VBO: 3 punte
  Program:
  Session 1: Growing into your created self
  Session 2: Developing emotional intelligence for healthy living
  Session 3: "Reading" you self and seeking care.

- **Johan Heyns Gedenklesing:** *Dagboek asseblief hierdie datum…*
  Datum: ***23 Augustus 2018*** [17:30 vir 18:00]
  Waar: UP Senaatsaal
  Spreker: Dr Allan Boesak
  'n Formele uitnodiging sal binnekort uitgestuur word.

- **VBO Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes**
  Excelsus gaan in die volgende jaar 'n reeks **werkswinkels** op verskillende plekke aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in gemeentes. Die werkswinkel berus op die werkboek "Bediening in en van Missionale Gemeentes" wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.
  Datum: Donderdag ***23 Augustus 2018*** (14:00 – 17:00); Vrydag 24 Augustus 2018 (08:30 – 15:00)
  Plek: Gemeente Sentrum, NG Gemeente Stellastraat.
  Koste: R 370-00 wat die volgende insluit:
  - Werkboek: Bediening in en van Missionale Gemeentes. Gemeentediagnose (word by die werkswinkel beskikbaar gestel).
  - Verversings en middagete

  Aanbieder: Malan Nel
  VBO-punte: 10

- **Kursus om as Spirituele Begeleier opgelei te word**

Willem Nicol stel die volgende kursus bekend: Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening.
Datum: ***17 Februarie 2019***
Waar: Meestal by *Stellastraatgemeente* van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by *Origins retreatsentrum* naby Rustenburg.
Dit val onder toesig van die *NG Ring van Suidoos-Pretoria* en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan **150 VBO-punte** verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die tiende een wees.

Aansoeke sluit *30 September 2018*
Volledige inligting te kry by wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

❖ NG Kerk Zeerust: 150 jaar - 15 Augustus 2018

Die gemeente hou verjaarsdag op Saterdag ***18 Augustus 2018*** om 14:00. Op Sondag ***19 Augustus 2018*** vind daar 'n Dankdiens plaas om 9:30. Die verjaarsdag word afgesluit met 'n ete in die saal.

Alle oud-lidmate word uitgenooi om saam met die gemeente verjaarsdag te kom vier, en God te dank vir 150 jaar van Genade.

Vir meer inligting kontak vir Ds Attie Thiersen 083 269 3475, Rickus Botha 076 294 1505 of Ina Botha by die Kerkkantoor 018 642 1335.

❖ Vrystaat hou VBO-Week 2018

'n Uitnodiging word aan alle leraars (al die sinodes), asook enige ander belangstellendes gerig, om hierdie VBO-Week **vanaf *2 - 5 September 2018*, te Woodland Hills Gemeenskapskerk, in Bloemfontein** by te woon (dit vervang die Winterweek).

Klik op die biljet links vir 'n groter weergawe met al die **inligting, sowel as die volledige program**, daarop.

Die inskrywingsvorm kan **hier** gevind word, stuur dit na voltooiing per e-pos aan daf@ngkvs.co.za - die **sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag** *17 Augustus 2018* (bankbesonderhede vir inbetalings kom op hierdie vorm voor). Indien verblyf 'n probleem sou wees, die lidmate van Woodland Hills bied gratis huisvesting aan, die inskrywingsvorm bied 'n opsie waarop jy jou keuse kan aandui.

Enige navrae kan aan ds Barnard Steyn op 082 842 7028, of by bicsteyn@ngkvs.co.za, gerig word.

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media nuus

Lees in dié nuusbrief meer oor die *Kerkbode* van 20 Julie asook die *Augustus-uitgawe van LiG* en die jongste Bybelkor-publikasies… kliek hier.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

CLF-nuus

Bekendstelling van *Ons kyk na die donkiemaan* deur Jeanne Henning Els

'n Nuwe publikasie van Jeanne Henning Els het pas by Barnabas ('n onderafdeling van Christelike Lektuurfonds [CLF]) verskyn.

Jeanne glo dat ons lewe in stories vervat is. Die lewe is 'n dagboek waarin ons meen om een storie te skryf, maar uiteindelik staan daar 'n totaal ander een. Die rede is omdat die spektrum van die lewe die arena is waar mense hul lewe uitleef. Van hartseer en swaarkry en alleenwees tot gulle blydskap en ongekende voorspoed en warm samesyn.

In *Ons kyk na die donkiemaan* versprei Jeanne haar stories oor nege breë kategorieë. Sy vertel van oomblikke in die lewe wat nesmaak in mense se lewe, van gedagtes aan gister, oor weë van weelde en van mense rondom ons.

Daar is niemand wat jy nie sou kon liefkry as jy hul storie sou ken nie, glo sy. In die gewone lewe besef ons skaars dat ons baie meer ontvang as wat ons gee en dat dit net deur dankbaarheid is dat die lewe ryk word.

'n Unieke deel van *Ons kyk na die donkiemaan* is die elf onderhoude wat sy met kunstenaars, 'n hartchirurg, natuurliefhebbers, sakemanne en 'n humoris gevoer het.

Ons leef in 'n veelkleurige wêreld en *Ons kyk na die donkiemaan* open vir die leser 'n venster op daardie wêreld.

- *Ons kyk na die donkiemaan* is nou by CLF besikbaar teen slegs R190. Kontak CLF op (021) 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za om jou eksemplaar te bestel.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Algemene verkiesing in Zimbabwe [30 Julie 2018].
- Skole en universiteite wat weer geopen het.
- Onrus in dele van ons land.
- Ringsittings wat in hierdie tyd plaasvind.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ Rustenburg-Wes: Vakature - **Vaste termynpos vir leraar** [1 jaar, met opsie om te hernu]

Aansoeke: Rig alle CV's aan: ngwesrust@telkomsa.net

Sluitingsdatum: *31 Julie 2018.*

Aanstellingsdatum: ***1 September 2018***

Navrae: Dr Hennie Kotze (konsulent) 082 615 7272; Johan Meyer (leierouderling) 083 775 7813; Willie van Aswegen (ouderling) 083 232 1129

❖ **Mokopane Noord Forum: Maatskaplike werkers**
Vereistes: * Geregistreer by SACSSP * Kode 8 bestuurslisensie * Afrikaans en Engels magtig * Generiese maatskaplikedienste * Aanbieding van "diversion" programme * Aansoeke moet vergesel word van 'n CV en gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies asook ID dokument [afskrifte nie ouer as drie maande nie].
CV en Navrae: Mev ME Siziba, tel 015 491 2506, epos mokopanenoodforum@telkomsa.net
Sluitingsdatum: ***15 Augustus 2018***

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

- **Gelegitimeerde proponent 2016**
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]
  Dirk Steyn [079 023 8539, dircoeste@gmail.com]
  Stanwin Street [079 525 5695, stanwins@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

Ten slotte

Op 'n bibberkoue noot…